Wes-Boland Eisteddfod

Oorbrug uitdagings deur Kuns en Kultuur
Overcome challenges through Arts and Culture

Tel.: 022 7131161
Sel: 072 625 2030
Faks: 0866074957
Skoolstraat 1, VREDENBURG, 7380
Posbus 104, VREDENBURG, 7380
E-pos: info@wbeisteddfod.co.za

www.wbeisteddfod.co.za

~ DEELNAME 2021 ~

Die Wes-Boland Eisteddfod bied in 2021 die Eisteddfod op 'n virtuele wyse aan en akteurs, kunstenaars, skrywers en musikante word uitgenooi om van hierdie geleentheid gebruik te maak.

Die kuns sal steeds by Topolino afgelewer moet word, Letterkunde sal by die leerders se onderskeie skole geskryf word en alle ander afdelings sal per opname ingestuur moet word wat dan deur die beoordelaars op 'n sentrale punt beoordeel word. Onvoorbereide Lees sal ongelukkig nie hierdie jaar plaasvind nie.

Alhoewel ons teen alle waarskynlikheid nie 'n Prestige geleentheid in 2021 sal kan aanbied nie, sal die pryswenners se name op die webblad verskyn en hul opnames sal ook op die blad beskikbaar wees.

Die volgende riglyne is van toepassing op die opnames en moet asseblief deur die geaffilieerdes gevolg word:

1. Opnames word deur wetransfer/filemail (vir groot opnames) na info@wbeisteddfod.co.za gestuur.
2. Skole/instansies wat nie van hierdie metode gebruik wil maak nie, mag die opnames op 'n 'memory stick' by die sameroepers van die verskillende skole aflewer.
3. Die datum van inhandiging bly die datum van deelname soos aangedui op die Jaarprogram van 2021.
4. Opnames mag wel vooraf aangestuur word, maar die beoordeling vind eers plaas op die datum soos aangedui op die Jaarprogram.
5. GEEN laat inhandigings sal aanvaar word nie.
6. Opnames moet by die skool onder die toesig van die afrigter, onderwyser of koorleier geskied.
7. Privaat-inskrywings word privaat opgeneem en deur die geaffilieerde individu ingestuur.
8. Ons moedig steeds leerders aan om nie skoolklere tydens die opnames te dra nie.
9. Opnames is ongeredigeerd, dit wil sê opnames van afdelings waar daar meer as een item is, byvoorbeeld musiek en koor, moet aaneenlopend wees. Die opname mag nie gestaak word of geredigeerd wees nie.
10. LET DAAROP dat 'n geredigeerde opname **gediskwalifiseer** sal word.
11. Opnames van voordrag word elkeen individueel (per leerder) opgeneem en per kategorie aangestuur.
12. Opnames moet onder 'n 'folder' gestoor en aangestuur word, bv. graad 1-Seuns Afrikaans Huistaal.
13. Elke opname moet gestoor word onder die leerder se naam en van aangesien daar GEEN deelnemerstrokies ingevul word nie.
14. Daar word nie verwag dat begeleiers afgeneem moet word nie. Hulle moet wel gehoor kan word.

15. Alle opnames van koor, toneel, voordrag, sang en dans moet die deelnemer(s) se vollengte en vooraansig toon.
16. Opnames vir musiekinstrumente moet die vollengte van die deelnemer toon en die instrument moet duidelik sigbaar wees. Die opname mag van die kant geneem word.
17. KLAVIER: Beide hande moet sigbaar wees asook die volle reeks sleutels wat deur die deelnemer gebruik gaan word. Dit is nie nodig om die klavier af te neem nie.
18. Deelnemers en afrigters moet daarop let dat alle veiligheidsmaatreëls en protokol van elke skool/ instansie van toepassing is en dat hierdie maatreëls/protokol nie deur enige opname in gedrang gebring kan word nie.

WENKE MET OPNAMES

1. Alle deelnemers kan die beoordelaar beleefd groet. Onthou om oogkontak met die toestel waarmee daar opgeneem word, te behou. Dit is die beoordelaar!
2. Die gebruik van 'n selfoon word aangemoedig. Alle pogings om kostes te bespaar moet van toepassing wees. 'n Opname met 'n selfoon is meer as voldoende vir die doel.
3. Die algemene riglyne van die sillabus bly steeds van toepassing en daarom moet die opnames steeds voldoen aan die vereistes van die sillabus. Indien die gebruik van die ruimte, soos met toneel, van toepassing is, moet die gebruik van die ruimte in die opname waarneembaar wees.
4. Verseker dat klank, beligting, beweging en die kwaliteit so goed as moontlik is. Dink logies en redelik of jy as afrigter, onderwyser, koorleier, ens. die opname regverdig en deeglik sal kan beoordeel aan die hand van die opname.
5. 'n Selfoon moet verkieslik nie in die hand vasgehou word nie. Die gebruik van 'n staander word aanbeveel.
6. Tydens 'n opname kan die selfoon/tablet oorgeskakel word na 'airplane mode' om te verhoed dat boodskappe of oproepe tydens die verfilming ontvang word.
7. Vermy skerp sonlig/donker vertrekke en opnames moet nie naby vensters of 'n helder lig opgeneem word nie.
8. Beligting moet altyd voor die deelnemer wees en nie agter die deelnemer nie.
9. Skakel klanke binne die vertrek uit – skakel die waaier/lugversorging af om lae vlak klanke te verhoed.
10. Indien jy direk vanaf die selfoon die opname wil stuur, gaan jy waarskynlik die opname moet saampers (compress). Maak van die volgende gratis toepassings gebruik om dit te kan 'compress'
    IOS toestelle: apple.com/us/app/compress-videos-resize/id1473857051
    Android toestelle: google.com/store/apps/details?id=protect.videoeditor

Stuur gerus 'n e-pos na info@wbeisteddfod.co.za of WhatsApp 072 625 2030 (boodskap / stemnota) aan die Voorsitter (JP Herselman) indien daar enige vrae is. Ons wil graag almal aanmoedig om van hierdie opwindende wyse gebruik te maak. Aan hierdie huidige uitdagings is daar ook voordele – ons moet dit ten beste ontgin en innoverend dink.

Deel gerus ons leuse vir die jaar: **OORBRUG UITDAGINGS DEUR KUNS EN KULTUUR**